BLOMBESTROOIDE PAD VIR MICHELLE

Sabina Mossolow

"...die asem soos 'n wasgoedlyn en die woorde die wasgoedpennetjies, die diafragma soos 'n motor se petrolpompie. Jou asem moet jy beheer soos wat jy op 'n bal in die swembad wip ...'n gekontroleerde spanning, of dink aan 'n tennisbal wat spring! Jou lyf is jou instrument, tot in jou voete!"

Sy dring aan op tekssensitiwiteit in liedinterpretasie. Met passie en verbeelding boei die mezzosopraan en Oudmatie Michelle Breedt sangstudente, tydens die meesterklasse wat sy vanjaar by die Konservatorium aangebied het. 'n Mens kom gou agter sy het haarself met lyf en siel verbind aan die uitleef van haar talent: "As sang nie jou *sole passion* is nie - *forget it* !"

Michelle is tuis op die verhoë van die wêreld se voorste operahuise en konsertsale, soos onder meer die Weense Staatsopera, die Opéra Bastille in Parys, die Semperoper Dresden, Zürich Opera, Wigmore Hall in Londen en die Nasionale Opera in Tokio. Sy het onder befaamde dirigente gesing, soos o.a. Seiji Ozawa, Christian Thielemann, Gerd Alberecht en met Placido Domingo en Thomas Hampson die verhoog gedeel.

Warm fluweelagtige mezzosopraan-klanke, geskakeer met swewende pianissimos en aardse fortissimos, vloei uit hierdie Oudmatie se keel, die passie vir sang uit haar hele wese.

Haar operarepertoire van 'n dertigtal rolle sluit in Oktavian, haar paraderol, Cherubino, Eboli, Adalgisa, Dorabella, Charlotte... Sy het reeds veertien CD's op haar kerfstok. In November vanjaar sing sy Romeo in *I Capuletti ed i Montecchi* vir Opera Africa in Pretoria.

Maar hoe sien sy die toekoms van klassieke sang in Suid-Afrika? "Ek hoop dat die [sang] kuns *per se* nie gepolitiseer word in enige rigting nie. Dit moet gaan oor talent en harde werk en om dit met *Inbrunst* [oorgawe] te doen, maar 'n lang pad lê voor."

Om Suid-Afrikaanse opera weer behoorlik te laat posvat, beskou sy dit as noodsaaklik dat sangers 'n bestaan moet kan maak aan 'n operahuis met 'n maandelikse salaris.

'n Musiekonderwyseres het Michelle se natuurlik ontwikkelde stem in die skoolkoor raakgehoor. Manuel Escorcio het toe by Nellie du Toit, senior lektrise aan die Konservatorium van die US, en self 'n befaamde operasangeres van weleer, 'n oudisie vir Michelle gereël.

"Die gang was lank en donker die dag toe ek as matriekmeisie die Konservatorium betree het. Sou die Universiteit my aanvaar, sonder enige formele musiekopleiding?" onthou Michelle. Maar Nellie du Toit "het van die eerste oomblik in my geglo" en Michelle het in 1985 haar BMus-graad *cum laude* verwerf.

Nadat sy eers in die operakoor en as soliste plaaslik ondervinding op die operaverhoog opgedoen het, is Michelle in 1989 met behulp van beurse na Londen se Guildhall School of Music en die Keulense Operastudio waar sy net kortliks vertoef het. Van 1990 tot 1997 was Michelle aan die Staatsteater in Braunschweig verbonde. Hier het sy onder die gesiene mezzosopraan en operaregisseur Brigitte Fassbaender gewerk, " 'n galionsfiguur en natuurlike outoriteit", wat sy as haar mentor beskou.

1999 was die jaar van Michelle se groot deurbraak. Haar intense belangstelling in, en meesterlike vertolking van kunslieder van Schubert, het Michelle haar eerste solo-uitvoering op die Schubertiade besorg. In dieselfde jaar het die deure na die Weense Staatsopera en Bayreuth se Wagnerfees vir haar oopgegaan.

Aanvanklik het sy haarself "nie eintlik as Wagnersangeres gesien nie". Haar hoogsaangeskrewe Bayreuth debuut in die rol van Magdalena in *Die Meistersinger von Nürnberg* het daartoe gelei dat sy dieselfde rol vir drie verdere seisoene gesing het en in Julie vanjaar teruggenooi is om die rol van Fricka in *Das Rheingold* en *Die Walküre* in *Der Ring des Niebelungen* siklus te sing.

"Hierdie rol verg 'n gesonde stem en jy moet tegnies absoluut korrek sing om bo die orkes uit te styg..." In 2005 het Michelle nog 'n Wagner rol, Brangaene, in *Tristan und Isolde* aan die Weense Staatsopera gesing.

Op uitnodiging van die Kanselier, prof Elize Botha het Michelle op 17 Maart vanjaar by haar *alma mater* opgetree, meesterlik begelei deur die pianiste Elna van der Merwe. Die opbrengs van dié *Alumusica* konsert in 'n stampvol Endlersaal is gestort in 'n beursfonds wat sy gevestig het vir 'n belowende sangstudent.

Die staande ovasie vir Michelle se wêreldstem was welverdien: Warm fluweelagtige mezzosopraanklanke, geskakeer met swewende pianissimos en aardse fortissimos, vloei uit hierdie Oudmatie se keel, die passie vir sang uit haar hele wese. "As mense na 'n konsert na my toe kom en sê dat dit hulle geraak het, hulle uit die alledaagse weggevoer het, is dit vir my 'n bevestiging dat dit wat ek doen sinvol is."

Foto: Bernhard Eichner